

Inhoud Hierdie preek wys op die verskil tussen die gewoon menslike liefde waartoe die liefde van God in Christus ons verbind en die sogenaamde goddelike liefde van die moderne Christelike. Die drang tot 'n sogenaamde goddelike of "agapei-liefde", soos hulle hierdie drang Bybels probeer inklee, noem die Woord van God die begeerlikhede van verleiding en om deur jou eie sondige begeertes verteer te word. Hierdie sogenaamde 'goddelike liefde' is die liefde van 'n afgod. Dit is nie liefde tussen God en mense nie. Dit is mense wat hulle eie sondige begeertes in mekaar uitwoed met die geloof dat dit goddelike liefde is. Christelike liefde is die gewoon menslike liefde vir mekaar deur die geloof dat ons deur Christus vir God en mekaar geheilig en geregverdig is. Die preek wys dat die sogenaamde "goddelike liefde" vir mekaar, mekaar se menslikheid uittrek sodat jy kaal voor ander se begeertes staan. Goddelike liefde stroop jou van jou menslikheid om niks anders te wees as die sondige drif van jou en jou naaste nie. Daarteenoor is gelowiges besig om mekaar met die geregtigheid en heiligheid waarmee Christus hulle en hul medegelowiges beklee vir mekaar te ontdek. In hierdie geloof vir mekaar in Christus vind gelowiges die samesyn van mense met mekaar. In die passie van goddelike liefde raak mense in hulle menslikheid van mekaar geïsoleerd en vervreemd.

1. Ps. 146:1,2,5,6

Skriflesing: Efesiërs 2:1-10; 4:17-24

Ef. 2:1-10:

"Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes ² wat voorheen julle lewenswyse gekenmerk het. Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is.³ So het ons trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het. Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word. ⁴ Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. ⁵ Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered! ⁶ Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee, ⁷ sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het.⁸ Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. ⁹ Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie. ¹⁰ Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dae waarvoor Hy ons bestem het."

Ef. 4:14-27:

"¹⁷ In die Naam van die Here doen ek 'n ernstige beroep op julle: Moenie langer soos heidene lewe nie. Hulle gedagtes lei tot niks, ¹⁸ hulle verstand is verduister, en hulle het geen deel aan die lewe wat God skenk nie, omdat hulle hardnekkig in hulle onkunde volhard. ¹⁹ Hulle het heeltemal afgestomp geraak en hulle met 'n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is, te doen.²⁰ Maar dit is nie hoe julle Christus leer ken het nie. ²¹ Julle het tog van Hom gehoor, en omdat julle sy volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is. ²² Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met

Christus verbind ons tot 'n liefde wat mense bekleed, nie kaal uittrek nie

die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. ²³Julle gees en gedagtes moet nuut word; ²⁴lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.”

(Nuwe Afrikaanse direkte vertaling: “Ja, trek die nuwe mens aan wat in geregtigheid en ware heiligheid na God se beeld geskep is.”)

2. Lied 231: 1,2,3,4

Christus verbind ons tot 'n liefde wat mense bekleed, nie kaal uittrek nie

PJ Kriel

03.05.2015.

Teks: Ef. 4:24 : *“Ja, trek die nuwe mens aan wat in geregtigheid en ware heiligheid na God se beeld geskep is.”*

Tema: Christus verbind ons tot 'n liefde wat mense bekleed, nie kaal uittrek nie

1. Aantrek of uittrek!

Dit is die verskil tussen die werking van liefde en sondige begeertes.

Die sondige aard van die mens is die geaardheid om mense van alles wat God hulle laat wees, te ontklee, uit te trek sodat hulle kaal en alleen binne die sondige begeertes van mense geïsoleer is.

Vir die sondige begeertes wat mense met jou koester, moet jy jouself van alles wat God jou laat wees, ontklee en kaal maak vir hulle begeertes.

Dit is die onderskeid tussen naaktheid en kaalwees wat alreeds binne die openbaring van die sondeval van die mens in Genesis 3, uitgewys word.

Voor hulle sondeval was die mens naak. Naaktheid bring nie skaamte nie.

Maar na die sondeval was hulle binne hulle begeerte vir mekaar gestroop van wat God hulle vir mekaar gemaak het, en het hulle kaal en geïsoleer binne hulle begeerte vir mekaar gestaan.

2. Die probleem wat ons volgens ons sondige neigings het, is dat ons sondige begeertes ervaar as spesiale liefde.

Met hierdie verdraaide opvatting hou mense altyd hulle sondige begeertes vir hulleself en vir ander voor as nie hulle s'n nie, maar God se spesiale liefde vir mense.

Op hierdie wyse glo mense sondige begeertes is 'goddelike liefde'.

Dit is die kern van die verskil wat Paulus in Efesiërs 4 aanspreek wanneer hy die lidmate oproep om nie meer hulle sondige begeertes te glo en uit te leef as God se spesiale liefdes nie.

Dit is hierdie 'goddelike liefde' wat maak dat die heidene heeltemal afgestomp raak vir wat werklike liefde is, wat hulle verstand verduister vir wat werklike liefde is, wat maak dat hulle hardnekkig in sondige begeertes kan volhard asof dit ware liefde is en hulle met 'n onversadigbare drang aan hulle sondige begeertes oorgee, terwyl hulle glo dit is die oorgawe aan ware liefde.

In hoofstuk 2 beskryf Paulus hierdie 'goddelike liefde' as die lewe waarin jy deur jou sondige begeertes oorheers word, omdat jy jou deur jou luste laat lei asof dit ware liefde is, en al die sondige gedagtes wat in jou gemoed opkom, navolg asof dit die kennis van ware liefde is.

Christus verbind ons tot 'n liefde wat mense beklee, nie kaal uittrek nie

Hierdie 'goddelike liefde' is die tipe liefde waarin die vors van die onsigbare bese magte mense lei as die ware liefde waarin en waardeur jy werklike vervulling vind.

3. Dit is die kontras wat Paulus dan in verse 21 en 22 in hoofstuk 4 maak:

Die waarheid wat in Jesus Christus is en daarom die waarheid van werklike liefde teenoor

'goddelike liefde' wat niks anders is as die drang na dwaling (direkte Afrikaanse vertaling), die begeerlikhede van verleiding (1953) of om deur sondige begeertes verteer te word nie. (1983)

God se 'spesiale liefde' in mense is niks anders, en niks meer, as net mense se sondige begeerte vir mekaar nie. Hierdie goddelike tipe liefde in mense se sondige gemoed, is totaal iets anders as die waarheid wat in Jesus Christus is.

4. Wat doen die waarheid in Jesus Christus met ons wat anders is as die heidense afgode wat mense spesiaal vir mekaar maak en hierdie spesiale gevoel van goddelike liefde vir mekaar gee?

Christus gee ons klere om aan te trek, sodat ons nie kaal voor Hom staan en vir Hom as God kaal is nie.

Daarom doen Paulus hierdie beroep op die lidmate op grond van wat God met hulle doen: trek Christus aan!

5. Wat is die klere wat die Here ons gee om aan te trek?

Dit is Christus se geregtigheid en heiligheid.

Hierdie woorde gaan nie oor bonatuurlike dinge nie. Geregtigheid is regte liefde en heiligheid is volkome liefde. Liefde word geregtigheid en heiligheid genoem, omdat dit liefde is wat gegee word volgens die Wet van God: reg volgens die Wet van God, en heeltemal volgens die Wet van God.

Dit is wie Christus in ons plek vir ons is, en dit is die Evangelie: Hy is die mens wat reg en volkome liefhet volgens die Wet, maar Hy word gestraf as die mens wat nie reg en volkome liefhet nie.

Daarom word ons ingesluit in sy straf vir mense wat nie reg en volkome liefhet nie, en ons word ook ingesluit in die regte en volkome liefde wat Hy uitleef as ons eie.

Dit is waarmee God ons in en deur Jesus Christus beklee: Jesus se geregtigheid en Jesus se heiligheid.

Só laat God ons sy beeld wees: Hy laat ons liefde in en deur Jesus Christus reg en volkome wees vir Hom, sodat ons onself weer tot hierdie liefde kan verbind: liefde reg en volkome volgens Sy Wet.

Christus verbind ons tot 'n liefde wat mense bekleed, nie kaal uittrek nie

6. Dit is wat ons moet aantrek!

Ons moet onself erken en aanvaar as mense wat reg en volkome is vir God se liefde.

Maar nie net vir onself nie.

Dit is ook die klere waarmee ons ons medegelowiges moet klee en geklee wil sien.

Ons glo aan die liefde wat God vir hulle het. Sy liefde waarin hulle met Christus bekleed is. Ons sien hulle en aanvaar hulle, nes onself, as regverdig en heilig in Christus.

En daarom is ons verbind om mekaar lief te hê volgens die Wet van God. Want in God se Wet vind ons ons naaste geklee, en bekleed ons hulle met wie God hulle vir Hom laat wees.

7. Dit is die waarheid in Jesus Christus.

Ons glo aan die liefde van God vir mense in Christus. Sy liefde vir my medegelowige en sy liefde vir my medemens.

In hierdie geloof in wie Christus hulle laat wees, ontdek en aanvaar ons die liefde wat God vir hulle het, as die werklike bedoeling van my eie liefde vir hulle.

Ek moet hulle liefhê soos God hulle bedoel om vir Hom mens te wees: Sy beeld te laat wees: heilig en regverdig in en vir Sy liefde.

Dit is die enigste wyse waarop ons onself en ons naaste werklik lief kan hê.

Dit is deur die geloof in die waarheid wat Christus hulle vir God laat wees.

In en deur hierdie geloof bekleed ons onself en ander met wie Christus vir ons is.

8. Om spesiaal vir God te wees, is totaal iets anders as om deur God geregverdig en geheilig te wees volgens Sy wet.

Om spesiaal vir God te wees, is die dwaling van mense se eie sondige begeertes. Dit is die goddelike liefde van mense wat afgodsdienste is, en die liefde van en vir afgode is.

Hoe is jy spesiaal vir God?

Hierdie dwaling het al binne ons Bybelvertaling ingesluip. Vir afgode is jy spesiaal in afsondering. In isolasie en kaalheid.

Dit word só verkondig dat God jou net vir Homself wil afsonder, sodat dit net jy en God alleen is. Jy is vir God spesiaal op so wyse dat Hy vir jou, en jy vir Hom alleen afgesonder is.

Christus verbind ons tot 'n liefde wat mense beklee, nie kaal uittrek nie

Afsondering is die kenmerk van alle afgodsdienste en is die goddelike liefde van afgodsdienste.

Dit is:

- hoekom mense in die Rooms Katolieke bygeloof hulle in kloosters afsonder;
- hoekom mense hulle in huiskerke en selkerke van die Kerk afsonder,
- en mense hulle binne God se missie en visie van alles en almal afsonder.
- hoekom Boeddhiste hulle van hulle eie-ek stroop en niks vir niemand is nie;
- hoekom Hindoes elkeen alleen met hulle eie god in hulle eie huistempel is,
- en hoekom Moslems verteer word in God se passie om ander dood te maak.

Om spesiaal vir God te wees, is die goddelike liefde om binne God se begeerte en passie vir jou, net vir God afgesonder en geïsoleer te wees.

9. Wat moet jy doen om só spesiaal vir God te wees?

Jy moet jouself van alles wat jy as mens is, en waarvoor jy as mens bedoel is, kaal uittrek!

- Jy moet jou eie-ek aflê, prysgee, opoffer en afgee, sodat jy kaal, sonder jou eie-ek, binne God se begeerte vir jou afgesonder is, geïsoleer is.
- Jy moet jou eie lewe en belange aflê, prysgee, opoffer en oorgee sodat jy kaal, sonder dit wat God jou laat wees, in God se begeerte en passie vir jou geïsoleer is.
- Jy moet jou eie man, vrou, kinders, gesin, volk, nasie en taal aflê, prysgee, opoffer en oorgee sodat jy kaal binne God se passie vir jou afgesonder is.

10. Wat noem die Bybel hierdie spesiale belewenis met God, hierdie goddelike ervaring, hierdie goddelike liefde om kaal binne God se passie vir jou te leef, net jy en Hy?

Hierdie spesiale verhouding van goddelike liefde tussen jou en God?

Die Bybel noem hierdie goddelike liefde die drang na dwaling, die begeerlikhede van verleiding, en om deur jou eie sondige begeertes verteer te word.

Wie ontklee mekaar só en maak mekaar só vir mekaar kaal?

Jy moet jouself van jou eie-ek, jou eie lewe, jou eie belange, jou eie man en vrou, jou eie kinders, jou eie gesin, jou eie gemeenskap en taal stroop, sodat ons in mekaar hierdie goddelike liefde kan ervaar :

dit is net ons twee wat vir mekaar afgesonder is!

Christus verbind ons tot 'n liefde wat mense beklee, nie kaal uittrek nie

Hierdie sogenaamde 'goddelike liefde' is die liefde van 'n afgod. Dit is nie liefde tussen God en mense nie. Dit is mense wat hulle eie sondige begeertes in mekaar uitwoed, met die geloof dat dit goddelike liefde is.

11. Waarmee is ons besig as ons mekaar liefhet?

Is ons besig om onself en ons naaste aan te trek, of kaal uit te trek?

Is ons besig om mekaar spesiaal vir ons sondige begeertes te maak, of is ons besig om die geregtigheid en heiligheid waarmee Christus ons medegelowiges beklee, en ons ongelowige naaste wil beklee, te ontdek?

Want dit is die verskil tussen eerbied en liefde binne die wyding aan God, en die verontmensliking om God en mense kaal te maak vir en binne my sondige begeertes.

12. Die liefde wat God in Christus as gawe gee, om reg en heilig vir God se liefde te mag wees, skep altyd gemeenskap en samesyn tussen mense.

Wie hulleself en mekaar beklee met hierdie liefde – ek en jy is reg en heilig vir mekaar binne God se Wet, vind gemeenskap en samesyn, nie afsondering nie.

Dit is 'n liefde waar elkeen deel is van die ander, en almal deel van mekaar. Dit kan nooit die perversie wees van liefde as begeerte nie, van afsondering van alles en almal, sodat dit net ons vir mekaar is nie.

Die liefde van man en vrou vir mekaar, skep die gemeenskap en samesyn van saam pa en ma wees vir kinders: die gemeenskap van eggenote met mekaar, skep die samesyn van ouers en kinders met mekaar.

Die liefde van kinders vir ouers, skep die samesyn van broers en susters vir mekaar. Dit maak dat elkeen deel is van mekaar, en almal deel van mekaar.

Die liefde vir 'n medegelowige as lidmaat van Christus, skep die samesyn van die gemeente as Kerk van die Here. Elkeen deel van mekaar, en almal deel van mekaar. Soos Paulus dit stel: as een ly, ly almal.

Die liefde as landsburger vir medeburgers, skep die gemeenskap en samesyn van 'n volk en nasie waarin elkeen deel is van mekaar, en almal deel van mekaar.

En in een liefde deel ons in alle liefde. Wie mekaar vind as man en vrou en in die samesyn van mekaar en die kinders, is een met die gemeenskap en Kerk.

Dit is hoe die waarheid in Christus ons weer beeld van God laat wees: om te wees wie God ons voor bedoel het – Hy heilig en regverdig ons in hierdie liefde, waarin ons weer deel van die samesyn van mense met mekaar, en met God is.

13. Sondige begeertes wat as goddelike liefde geglo word, isoleer en vervreem mense van mekaar.

Christus verbind ons tot 'n liefde wat mense bekleed, nie kaal uittrek nie

Dit is hierdie tipe liefde waarin 'n ouer 'n kind my kind maak, op so wyse dat ek hierdie kind van sy ander ouer vervreem. Dit is die isolasie en vervreemding wat in alle egskeidings intree: ek bly vir jou lief en jy bly my spesiale kind, maar ek vervreem jou met my liefde vir 'n ander, nou van jou pa of ma. Maar ons twee bly spesiaal vir mekaar!

Dit is die begeerte waarin 'n kind 'n ouer só opeis dat hy of sy nie meer pa of ma vir die ander kinders kan wees nie, of ouers wat 'n kind só opeis dat hulle nie meer broers en susters vir mekaar kan wees nie, net soos wat Jakob sy seun Josef met sy obsessie vir die jongste, van sy broers vervreem het.

Dit is die begeerte waarin die dominee voel dat sekere lidmate spesiaal is vir hom en hulle van die res van die gemeente afsonder in sy eie groepie of selletjie, en hulle daarmee eintlik van die hele Kerk in sy eie begeertes vervreem.

Dit is die liefde vir geesgenote op so wyse dat jy nie meer deel van die landsgenote as medeburgers kan wees nie.

Hierdie begeerte vir mekaar, om vir en in mekaar afgesonder en geïsoleerd te wees, is die geweld waarin mense mekaar kaal uittrek: om kaal in en vir mekaar se begeertes, daar te wees.

Spesiaal in ons gestrooptheid van alles waarvoor ons deur God bedoel is om te wees!

14. Is jy spesiaal vir God of vir God geheilig en geregverdig in Christus?

Is jy deur jou God ontklee om niks te wees in sy passie vir jou of is jy met God bekleed met die heiligheid en geregtigheid van Christus?

Wat soos jy aangetrek is, so sal jy liefhê!

Glo jy dat God mense vir sy liefde reg en volkome laat wees en hulle liefde ook vir Hom reg en volkome laat wees, ten spyte van hulle sonde, dan is jy verbind om hulle volgens God se wet lief te hê.

Want omdat jy hulle wyding aan God glo, sal jy jou dan aan ware liefde toewy.

Glo jy jou sondige begeerte vir mense is goddelike liefde, dan sal jy hulle stroop van alles waarvoor hulle deur God bedoel is, sodat hulle beskikbaar is vir alles wat in jou gedagtes opkom, en alles waarvoor jy lus is om met hulle te doen.

In hulle en jou eie kaalheid sal jy voel jy en hulle is spesiaal vir mekaar!

15. Breek met jou 'afgesonder deur God'. Breek uit die isolasie van jou 'spesiale ervaring met God' waarin jy jouself verloor het, om niks te wees in God se passie vir jou.

Christus verbind ons tot 'n liefde wat mense bekleë, nie kaal uittrek nie

Breek met jou versugting na goddelike liefde waarin jy kaal in die begeerte van ander wil wees, en hulle kaal in jou begeerte wil stel. Breek met jou ontkleding van jou naaste!

Vind jouself en jou naaste in die waarheid in Christus: bekleë met die heiligheid en geregtigheid van Christus om mense lief te hê vir wie God hulle bedoel het om te wees volgens God se Wet.

Beklee jouself, én hulle, met Christus.